NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 41
17 November 2022

# Groete uit Duitsland

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Dit is verstommend hoe vinnig die tyd verbygaan. Hierdie Desember is ek al twee jaar in Duitsland. Al woon ek nou permanent hier, al is ek ingeburger en selfs twee maande gelede in die Bund Freie Evangelische Gemeinden (Bond van Vrye Gereformeerde Gemeentes) georden, leef my hart op twee kontinente. Ek dra my liefde vir en verlange na die NHKA in my hart saam.**

Dit blyk al hoe meer dat deur my teenwoordigheid hier 'n wonderlike kruisbestuiwingsproses aan die gang is. In preke, Bybelstudies, pastorale gesprekke, gesprekke met kollegas en selfs akademiese voordragte word my diepgewortelde Hervormde teologie gehoor. Hierdie teologie vind in 'n so mate weerklank dat ek al by kollegas preke, voordragte en gesprekke hoor wat woordeliks in 'n Hervormde konteks sou pas. Een kollega het al opgemerk: *Jy het nou al 'n regte Hervormer van my gemaak.*

Ek beskou dit as 'n besondere geleentheid en seën uit die Here se hand dat ons teologie weer op die kontinent van ons herkoms gehoor word. Prof Theuns Dreyer het Hervormde etos met die drie begrippe Nederigheid, Nugterheid en Medemenslikheid gemunt. Dit is die weefsel van hierdie inhoude wat ek soms subtiel, soms oorverdowend duidelik, in my alledaagse werklikhede indra. Jesus is nie ons liewe Maatjie, soos wat dikwels in piëtistiese kringe geglo word nie; Hy is God, ons Heer en Heiland. Ons gee nie ons hartjies vir Hom omdat ons so vroom is nie; Hy verlos ons uit sy soewereine genade. Ons neem afskeid van absolute uitsprake oor die Bybel, asof Bybelvertalings die komplekse semantiese nuanses van Grieks en Hebreeus 100% korrek sou kon weergee. Gevalle sondaars word met liefde en deernis omhels. Oor hierdie kernsake tree ek in die Hervormde idioom met die Bund Freie Evangelische Gemeinden in gesprek. Die vrug hierop voer tot heilige ontsag vir die groot dinge wat God deur klein mensies verrig.

Tog is die verlange soms oorweldigend groot. Die Europese winters is lank, donker en nat. In 'n stadium in Desember voel 'n mens asof jy in 'n swart-en-wit film leef. Die musikale tradisie in die Bund is, selfs volgens hul eie dosente in liturgiek, bejammerenswaardig. Daarmee moet ek as liefhebber van die klassieke, Bach, Beethoven en die meester van die instrumente, die orrel, weekliks klaarkom. Aanvanklik het my ore letterlik gepyn van die kakofonie van tromme, kitare en temerige voorsangertjies. Lirieke wat die piëtisme en die verhouding tussen my en my Jesus tot 'n nuwe vlak voer, en herhalende vlak teologiese frases vorm die basis van die lofprysing. Goddank het die Here my met 'n oop gemoed geseën en het ek in hierdie musikale chaos etlike kosbare skatte ontdek: Taizé-liedere, waarmee ons in die NHKA ook bekend is, ou klassieke korale soos *Grote God aan U die eer*, en komposisies van Manfred Siebald, voormalige koorleier, pianis en Engelse dosent aan die Johannes Gutenberg Universiteit, wat toevallig in my Lutherse gemeente in Mainz lidmaat was en in wie se koor ek self gesing het. Tekste van Dietrich Bonhoeffer wat getoonset word, en onlangs het ek die seënliedere van Martin Pepper ontdek, wat 'n mens hoendervleis gee.

Die liturgie is arm en alles is 'n kompromie. Tog leer jy waardering kry vir mense wat ook deur 'n ander spiritualiteit as joune 'n aanbiddingservaring in die erediens kan hê. Dit bring my tot die diepe besef dat God se kinders oral in die wêreld is en dat die werk van 'n dominee universeel is. Mense ervaar verlies, hulle word siek en beland in die hospitaal, hul kinders raak die pad byster en verlaat die gemeente, tot groot bekommernis van die gelowige ouers. Ons hou feeste en gemeente-etes, ons verdiep ons in die Woord van God tydens Bybelstudies. Ons huil op begrafnisse en sê die Apostoliese Geloofsbelydenis in Duits op soos die kis sak. Ons baklei op gemeentevergaderings, kla oor die hoë inflasie en die brandstofpryse, en ons bid vir vrede in die Oekraïne en Iran. Ek is 'n geroepe en bevestigde dominee met die opdrag om kinders van die Here geestelik te versorg. Dit is en bly 'n voorreg – 'n voorreg wat ek, soos die Duitsers sê, *mit Gottes Hilfe* daagliks met stampe en stote uitleef.

**Dr Elritia le Roux, voormalige NHKA-predikant**

## Lief en leed



Ds Eksteen Botes

- Emerituspredikant **ds MCE (Eksteen) Botes** (66) is Saterdagoggend 12 November oorlede na sy stryd met kanker. Die gedenkdiens vind plaas op Vrydag 18 November om 11:00 vanuit Gemeente Nelspruit. Ons innige simpatie gaan aan mev Helene Botes en hul familie. Die diens kan aanlyn gevolg word by: **https://youtu.be/NaM4X_MuM0E** en **https://www.facebook.com/events/1527549214333936/**

- Mev Karin Steenekamp, visevoorsitter van die NHSV Hoofbestuur, en haar man Hans Steenekamp se seun, **Chris Steenekamp** (30), is Saterdagoggend 12 November in 'n motorongeluk oorlede. Ds EM (Liza) Jansen van Gemeente Witbank-Suid is die suster van oorlede Chris Steenekamp, en hy is die kleinseun van emerituspredikantspaar ds JH (Jan) en Bets Prinsloo. Ds Jan se laaste gemeente was Dullstroom en hulle bly almal op 'n plaas buite Lydenburg. Die familie groet Chris Saterdag 19 November om 11:00 in die Hervormde Kerk Lydenburg. Ons innige simpatie gaan aan die Steenekamp-familie.



Japie Oppermann met sy kleinseun Michael

- Mev Tessa Oppermann van Kerklike Kommunikasie se man, **Japie Oppermann**, ondergaan binne die volgende dae 'n hartomleiding in die Midstream Mediclinic. Ons bid hulle sterkte toe en vertrou dat Japie volkome sal herstel.

- **Die volgende predikante verjaar tot 25 November, en word hartlik geluk gewens:**

  - Sondag 20 November: Prof J (Johan) Buitendag (69) (emeritus) en ds CJA (Cornie) Pieterse (74) (emeritus)
  - Dinsdag 22 November: Dr PB (Piet) Boshoff (73) (emeritus), di PR (Rudi) Janse van Rensburg (29) (Weltevreden) en LS (Lammert) van Rooyen (54) (Lichtenburg-Oos)
  - Woensdag 23 November: Di ME (Mariaan) Beukes (60) (Meyerton/Sonlandpark) en HS (Henk) Joubert (60) (Welgelegen-Pietersburg)
  - Donderdag 24 November: Di JJ (Jacques) Pieterse (54) (Laer Suidkus) en CAP (Neels) van Tonder (66) (emeritus)
  - Vrydag 25 November: Prop H (Hanri) Reichel (25) (beroepafwagtend)

## Gemeentes en bediening

- **VAKATURE: INLIGTINGSBEAMPTE VIR DIE NHKA.** Die doel van die rol is om die bewaring van alle elektroniese inligting en databasisse te verseker en tersaaklike inligting te verskaf aan kerklike gebruikers, en om te verseker dat die NHKA voldoen aan statutêre wetgewing.

  **Doelwitte wat bereik moet word**
  - Om tydig interne en eksterne beleid te formuleer, te kommunikeer en te implementeer, en opleiding te verskaf om te voldoen aan statutêre belange en beste praktyke.
  - Om alledaagse administratiewe inligtingsprosesse te optimaliseer om effektiwiteit binne die Sinodale Dienssentrum te verhoog.
  - Om tydig die nodige beleid, inligtingspraktyke en inligtingbewaringstelsels te ontwikkel, te implementeer en in stand te hou om te verseker dat inligting beskikbaar en veilig is met die oog op navorsing oor die lang termyn.
  - Om tydig en gepas navorsingsnavrae af te handel of na die toepaslike persoon te kanaliseer.
  - Om tydig en akkuraat die DBText-databasis in stand te hou ter ondersteuning van effektiewe stelselbestuur en dienslewering.
  - Om tydig en akkuraat vorderingsverslae beskikbaar te stel aan Bestuur ter ondersteuning van prestasiebestuur en dienslewering.

  **Kwalifikasies vereis:** Graad in Inligtingkunde of Informatika.

  Verdere kennis en vaardighede benodig
  - POPIA- en PAIA.
  - Kerklike konteks en Kerkorde.
  - Rekenaarvaardigheid (Microsoft Office 365, Sharepoint, DBText).

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 25 November 2022.**

**Rig navrae aan:** Dr Wouter van Wyk, Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, **wouter@nhk.co.za.**

- **WERKRUIMTE VIR DEELTYDSE BEDIENING: GEMEENTE OTTOSDAL.** Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant van die NHKA om hierdie werkruimte te vul.

  **Gemeenteprofiel:** Die gemeente is vanjaar 84 jaar oud. Die sieletal is ongeveer 150, en die ouderdomsprofiel is 'n gemiddelde ouderdom van 55 jaar. Die gemeente beskik oor 'n kerkgebou, saal, Oesfeesterrein, netjiese tuine en 'n erf met ± 40 jong pekanneutbome. Daar is 'n groot aantal lede uit die boerderygemeenskap. Verder beskik die gemeente oor 'n gerieflike pastorie met boorgatwater en 'n sementdam. Groot koeltebome omring die pastorie.

  **Leraarprofiel:** Die leraar se lewe moet getuig van 'n passievolle verhouding met God. Geesvervulde eredienste is vir die gemeente belangrik. Huis- en siekebesoek is ook nog vir die gemeente van belang.

  **Aansoeke sluit op 23 November 2022**, en moet vergesel wees van 'n verkorte CV, wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die adminbeampte by **ottosdal@nhk.co.za**. Die kerkraad behou die reg, indien so besluit, om nie een van die aansoekers te beroep nie.




- Reël 'n afspraak vir 'n **begeleide toer by die NHKA se SP Engelbrecht-museum** op 'n tyd wat jou die beste pas, met my, **Carel Johann de Bruin**, by 082 733 3951, **cjdb@boomaap.co.za** (*boom* vir Wonderboom en *aap* vir Aapjesrivier). R40 per persoon, R30 per persoon indien groepe groter is as 10. Gemeentes, kerkrade, sustersgroepe, seniorgroepe, kategese en aftreeoorde; selfs tuisskoolleerders, geskiedenisklasgroepe van skole, geskiedenisstudente en nie-kerklidmate is welkom. Daar is veel meer as net kerkgoeters! Veilige parkering; rolstoeloprit; piekniekplek. Vriendelike groete en onthou: julle is hartlik welkom!




## Vergaderings

- Donderdag 17 November: Kommissie van die AKV<br>Legitimasie<br>Rata Finkom<br>ADV-webinaar: Bejaardesorg
- Vrydag 18 November: Kommissie van die AKV
- Woensdag 23 November: Rata Direksie
- Donderdag 24 November: DPS en Plesion Finkom
- Vrydag 25 November: Raad van Finansies

## Kerklike publikasies

- **Die laaste uitgawe van *Blitspos* vanjaar is dié van 8 Desember. Die eerste uitgawe van 2023 is dié van 19 Januarie.**




- In die **2022 Lente-uitgawe van *Vroueflitse*** bou die NHSV voort met twee opbouende artikels oor ouerskapbetrokkenheid en geestesgesondheid. **Ds Janine Bevolo-Manders** gee aan ouers in *Haal die wip uit die tiener-wipwaentjie-rit...* praktiese riglyne rakende tienergedrag gedurende hul adolessensiejare. **Mev Mari-lizé Beukes** vertel in *Selfversorging is nie selfsugtig nie* hoe ons geestesgesondheid 'n wonderlike hupstoot kry wanneer jy selfversorging – *self-care* – toepas deur na jouself om te sien en tyd te maak vir jouself. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**




- Gemeentes moet onthou om die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** ook vir hul emeriti te bestel. Bestel asseblief per e-pos en sê ook of dit versend moet word of afgehaal sal word. Dié wat hul hele ring se boeke kan afhaal, kan mev Sarie Roux ook laat weet by **boekwinkel@nhk.co.za**. Gemeentes sal verwittig word sodra die boeke by die Sinodale Dienssentrum afgelewer is.




- **Prof Natie van Wyk** se boek ***Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte*** is weer beskikbaar in 'n tweede druk. Hierdie hardebandboek kan by hom bestel word teen R575 (die uitgewersprys is meer as R800). Belangstellendes moet vir hom 'n WhatsApp stuur by 082 448 4759 of 'n e-pos na **natievanwyk123@gmail.com**.

- Die **persone wat reeds prof Natie van Wyk se boeke** oor Martin Luther en/of Philipp Melanchthon **bestel het**, moet hom asseblief kontak by 082 448 4759 om 'n reëling te tref om die boek(e) by hom af te haal. Diegene wat die boek(e) nie fisies kan (laat) afhaal nie, moet aan hom die posadres stuur, sodat dit via PostNet aangestuur kan word.

## Studentesake

- **NHKA Stellenbosch aanvangskamp:** Gemeente Stellenbosch nooi al die Hervormers wat in 2023 aan Stellenbosch Unversiteit gaan studeer na ons aanvangskamp **Sondag 29 Januarie tot Woensdagoggend 1 Februarie 2023**. Ons vertrek Sondag 14:00 van die kerkgebou af na die kampterrein ongeveer 10 km buite Stellenbosch. Vir meer besonderhede, kontak gerus vir dr Chris le Roux (079 495 3239 / **cleroux@mweb.co.za**) of Elizabeth Rossouw (+264 81 833 7022 – dit is 'n Namibiese nommer, maar sal werk vir WhatsApp). Gee asseblief hierdie inligting vir elkeen wat jy ken wat hier gaan kom studeer. Ons wil veral graag al die nuwe studente by die kamp leer ken, en julle sal dit baie geniet.

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.




## 'n Gedig

**EK SAL VIR JOU 'N BRIEFIE SKRYF;**
'n briefie sonder woorde.
'n Briefie sonder ink of pen
en sonder krom akkoorde.
'n Briefie net vir lekkerte
'n briefie net vir nou.
'n Briefie net vir sommer
en vir gister se onthou.
Ek stuur dit nie per seepos nie.
Ek stuur dit nie per e-pos nie.
Ek stuur dit liewer met die wind
en hoop hy sal jou plekkie vind,
maar as jy nie meer daar is nie:
in die ooste of die weste –
is 'n antwoord sonder woorde,
miskien tog maar die beste.

**Philip de Vos**
(Uit: *Tokkelossiebossie en ander dol gedoentes*, 2022)

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- **NHSV Studieleningsfonds 2023**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan *hier* afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2023.**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## ADV Rampfonds

Eerstens 'n woord van dank aan alle gemeentes, kerkrade en individuele gelowiges wat hierdie jaar weer ruim bygedra het tot die ADV Rampfonds. In die afgelope jaar kon ons op verskeie plekke in ons land, en deur verskeie gemeentes se diakonale werk, hulp verleen aan die slagoffers van rampe.

Dit is merkwaardig dat daar gemeentes en individue is wat bydraes tot die rampfonds lewer, selfs as daar nie eens bydraes gevra word nie. Dit getuig van die barmhartige harte wat daar onder gelowiges heers. Ons is baie dankbaar daarvoor.

Die ADV het vanjaar onder andere hulp verleen ten aansien van die volgende rampe:
- KwaZulu-Natal se oorstromings.
- Jagersfontein-slikdamvloed.
- Noord-Kaap se brande.
- Herbou van skuilings wat in brande verwoes is in die Wes-Kaap.
- Waternood in Port Elizabeth.

Ten spyte van ruim bydraes deur die jaar ontvang, het ons steeds meer uitgegee as wat ons ontvang het. Ons rig hiermee 'n vriendelike versoek aan gemeentes om 'n skenking aan die ADV Rampfonds te oorweeg. Elke bedrag, al is dit hoe klein, maak 'n verskil. Bydraes wat ons ontvang, stel ons in staat om, sodra 'n ramp plaasvind, onmiddellik hulp te verleen en het ons nie nodig om eers te wag vir bydraes voor ons hulp kan verleen nie.

Gemeentes en individue wat bydraes tot die ADV Rampfonds wil maak, kan dit doen deur die volgende bankbesonderhede te gebruik (let veral op die verwysing wat op ons bankstaat moet verskyn):

Rekeninghouer: Raad van Finansies
Rekeningnommer: 020000287
Bank: ABSA
Takkode: 632005
Verwysing: 16RAMP + Naam (gemeente of individu)

Die bewys van betaling moet gestuur word aan **gerhard@diakens.co.za**.

Besighede en individue wat belastingvrystelling (Art 18A) verlang vir hul bydraes, moet dit inbetaal by Plesion NPC. Kontak ons asseblief by **gerhard@plesion.org.za** vir meer besonderhede.

Ons het groot waardering vir alle gemeentes, lidmate en individue wie se harte en hande oop is om te help wanneer ander in nood verkeer.

**Ds Gerhard Stoltz**
**Sekretaris: Kommissie van die Algemene Diakensvergadering**
**012 322 8885 x3111**
**gerhard@diakens.co.za**

## Bybelgenootskap


Ds Rodney van Wyk

**Ds Rodney van Wyk**, 'n geordende dominee van die Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika, is onlangs aangewys as die **tussentydse uitvoerende hoof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika** (BSA). Hy neem die leisels oor by ds Dirk Gevers wat nou die posisie van sekretaris-generaal van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe beklee. Albei dien reeds sedert 1 November 2022 in hul onderskeie posisies. Ds Van Wyk het in 2008 by die BSA se Raad van Direkteure aangesluit. In 2012 is hy tot voorsitter van die Raad verkies, en hy het vir twee agtereenvolgende termyne, ses jaar, in die amp gedien. Hy het daarna vir nog twee jaar as raadslid gedien voor sy uittrede. Sy intieme kennis van die BSA se struktuur, missie en werk het hom die logiese keuse gemaak toe 'n tussentydse uitvoerende hoof aangewys moes word. Hy sal van November 2022 tot April 2023 die posisie beklee. Die nuwe uitvoerende hoof sal in April 2023 aangekondig word.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Al die baie dinge, Heer,
al die storms en vrae,
die teleurstellings en pyn –
so baie dinge, Heer.
Hoe moet ons maak?
Wat kan ons sê?
Wat moet ons vra?
Dat U al die storms moet stilmaak,
al die vrae moet beantwoord,
al die pyn moet wegneem?
Of moet ons smeek vir krag,
vir die besef dat dit nie net ék is,
nie net óns is nie,
maar álmal –
hoe dapper en blymoedig ook al –
wat met al hierdie dinge worstel?
Dan vra ons steeds, help ons hierdeur, Vader.
Gee ons die krag om deur te druk,
die kalmte om stil te word,
en uiteindelik die vrede,
omdat ons weet dat U steeds in beheer is,
ook in mý lewe, in ál ons lewens.
Amen, Vader.

(Tessa Oppermann)




Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk